HET JY 'N ***TESTAMENT***?

Die verband tussen 'n *testament*, intestate erfopvolging en jou fonds-begunstigdebenoemingsvorm.

SIMEKA

member of Sanlam group

Ongeag hoe baie of min geld of besittings jy gedurende jou leeftyd bymekaargemaak het, sal jy 'n *testament* nodig hê om seker te maak dat jou besittings na jou dood volgens jou wense toegedeelword aan die persone aan wie jy dit wou nalaat.

Dit is ***Nasionale Testamentweek***

Die week van **17-21 September 2018** is *Nasionale Testamentweek* en die Regsvereniging van Suid-Afrika het gereël dat deelnemende prokureurs **gratis basiese testamente opstel**.

Klik hier om 'n deelnemende prokureur naby jou op te spoor.

Het jy geweet?

'n *Testament* is in wese 'n kontrak wat jy aangaan met die persoon wat jy aanwys om jou boedel te hanteer wanneer jy te sterwe kom (jou eksekuteur).

Jou boedel sluit jou besittings in, asook wat jy aan jou krediteure skuld (d.w.s. al jou bates en laste).

Die *testament* moet aan sekere wetsvereistes ten opsigte van ondertekening en getuies voldoen.

Hoekom moet 'n mens 'n *testament* hê?

1. Om te verseker dat jou **besittings volgens jou wense verdeel word**.
2. Om seker te maak dat jou **geliefdes na jou dood van die nodige voorsien word**.
3. Om **konflik te beperk** wat tussen familielede kan ontstaan as daar nie duidelike opdragte is oor hoe jou besittings verdeel moet word nie.
4. Om onnodige **administratiewe koste** te vermy.

Wat gebeur as jy nie 'n geldige *testament* het nie?

Indien jy nie 'n geldige *testament* het nie, bepaal wetgewing dat die bates in jou boedel verdeel moet word ooreenkomstig die *Wet op Intestate Erfopvolging, Nr. 81 of 1987*. Dit beteken dat jy intestaat sal sterf, wat kan meebring dat jou besittings nie volgens jou wense verdeel word nie.

As jy byvoorbeeld intestaat sterf maar sekere van jou besittings aan ander familielede as jou gade, soos jou ouers of broers/susters wil nalaat, sal die intestate erfreg toegepas word en jou ouers of broers/susters sal dan niks erf nie. As jy dus wil sorg dat die regte mense baat vind by wat jy jou lewe lank opgebou het, maak seker dat jy 'n geldige testament het.

Opsomming van die intestate erfreg

- **Oorlewende gade en afstammelinge**
  Indien daar geen afstammelinge is nie, sal die gade die volle intestate boedel erf. Afstammelinge beteken kinders of kleinkinders van die oorledene.
- **Ouers (in die afwesigheid van 'n gade of afstammelinge)**
  Elke ouer sal een helfte van die intestate boedel erf. Die afstammeling van 'n oorlede ouer sal die oorlede ouer se deel erf en indien daar geen afstammelinge is nie, sal die een oorblywende ouer die hele boedel erf.
- **Broers en susters en afstammelinge van broers en susters (indien die ouers nie meer leef nie)**
  Die afstammelinge van elke ouer sal die ouer se helfte erf en indien daar slegs afstammelinge van een ouer is, sal hierdie afstammelinge die hele intestate boedel erf.
- **Ander naby familie**
  Indien die oorledene nie deur 'n gade, afstammeling, ouer, broer/suster of afstammelinge van 'n broer/suster oorleef word nie, sal die intestate boedel tussen sodanige ander bloedverwante van die oorledene verdeel word.

Watter dokumente het jy nodig om 'n *testament* op te stel?

- Die naam en ID-nommer van jou voorgestelde eksekuteur van jou boedel.
- 'n Afskrif van jou gade se ID-dokument en 'n afskrif van jul huweliksertifikaat en/of egskeidingsbevel en skikkingsooreenkoms, indien julle geskei is.
- Volle name en ID-nommers van jou kinders, insluitend aangenome en stiefkinders, wat jy by jou testament wil laat baat vind. Ook jou kleinkinders indien jy hulle wil insluit.
- Die naam en kontakbesonderhede van 'n voorgestelde voog indien jy minderjarige kinders het.
- Afskrifte van transportaktes of verbanddokumente van eiendomme in Suid-Afrika.
- Afskrifte van enige uitkeer- en versekeringspolisse wat jy besit, asook jou beleggings.
- Besonderhede van enige ander party of instelling wat jy as begunstigde wil benoem.

En wat van jou aftreefonds-sterftevoordeel?

Nie al jou bates kan by jou testament ingesluit word nie. By jou dood maak jou aftreefonds-sterftevoordeel nie deel uit van jou boedel nie, omdat dit aan artikel 37C van die *Wet op Pensioenfondse van 1956* onderhewig is. Daarom is dit net so belangrik om jou begunstigdebenoemingsvorm op datum te hou.

Volgens artikel 37C van die *Wet op Pensioenfondse* het die raad van trustees volle diskresie om te besluit hoe jou aftreefonds-sterftevoordeel verdeel moet word. Hulle het egter ook 'n plig om jou afhanklikes te identifiseer en jou wense te oorweeg voordat hulle hul diskresie uitoefen.

Daarom is dit noodsaaklik dat jy hierdie vorm op datum hou, omdat dit 'n aanduiding gee van wie jou afhanklikes is en hoe jy jou voordeel wil laat verdeel. Doen moeite om 'n lys van al jou wetlike en finansiële afhanklikes op te stel, asook enige persone wat jy as begunstigdes wil benoem. Indien jy minderjarige afhanklikes het, sal dit help as jy spesifiseer of jou voordeel aan 'n voog of versorger, of aan 'n begunstigdefonds betaal moet word.

'n **Begunstigdebenoemingsvorm** is 'n uitdrukking van jou wense. Op die vorm spesifiseer jy aan wie jou aftreefonds-sterftevoordeel volgens jou wense betaal moet word indien jy sterf terwyl jy nog by jou werkgewer in diens is.

Wat is eksekuteursgelde?

Dit is 'n bedrag wat aan die eksekuteur van 'n boedel betaalbaar is vir dienste gelewer om die boedel af te handel.

Hoe belangrik dit ook al is om 'n geldige *testament* en 'n begunstigdebenoemingsvorm, is dit net so belangrik dat jy hierdie dokumente op datum hou – veral in die geval van 'n lewensveranderende gebeurtenis, soos om te trou, 'n baba te hê of aan te neem, of te skei.

En as jy nie afhanklikes het nie?

As jy nie afhanklikes het nie, moet jy nog steeds 'n begunstigdebenoemingsvorm invul en iemand benoem aan wie jou voordeel betaal moet word. Anders sal jou voordeel aan jou boedel betaal word. Eksekuteursgelde sal daarop betaalbaar wees, wat gewoonlik nie op 'n direkte betaling aan 'n benoemde begunstigde van toepassing is nie. Neem egter kennis dat die trustees volgens wet enige tekort in jou boedel moet dek voordat jou begunstigde(s) betaal word.

'n Geldige *testament,* plus 'n bygewerkte begunstigdebenoemingsvorm, sal baie help om te sorg dat jou besittings verdeel word soos jy dit wou hê. Jy sal ook jou geliefdes met groter gemoedsrus agterlaat.

Solutions for
Retirement | Actuarial | Investments | Health | Wealth

Cape Town Tel: +27 (0) 21 912 3300
Durban Tel: +27 (0) 31 566 2302
Pretoria Tel: +27 (0) 12 369 8800
Sandton Tel: +27 (0) 11 263 4300

Simeka House, The Vineyards Office Estate, 99 Jip De Jager Drive, Bellville, 7530
1st Floor, Northwing, 2 Cranbrook Crescent, Douglas Saunders Drive, La Lucia Ridge, 4051
3rd Floor, Podium at Menlyn, 43 Ingersol Road, Cnr Lois and Atterbury, Menlyn, 0181
Building 2, 11 Alice Lane, Sandton 2196

www.simekaconsult.co.za info@simekaconsult.co.za

Disclaimer: This publication provides information and opinions of a general nature. It does not constitute advice and no part thereof should be relied upon without seeking appropriate professional advice. Simeka Consultants & Actuaries (Pty) Ltd. is an authorised Financial Services Provider